

## **Sing vooraf: Psalm 4:4 (p. 15)**

- 4 U het my hart meer vreug gegewe / as ander smaak in volop-tyd,  
as hul deur skyngeluk verhewe, / by mos en koring lustig lewe  
en fees hou in kortstondigheid. / Ek sal gerus gaan slaap in vrede  
en ongestoord lê ek my neer; / want U alleen verhoor my bede,  
U waak oor my in teënhede, / dat ek kan veilig woon, o HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 118:12 (p. 579)**

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.  
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.  
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –  
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

## **Gebed**

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## **Psalm 122:1 (p. 610)**

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:  
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!  
O heil'ge stad, gelukkige oord, / ons voete staan nou in jou poort!  
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,  
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.

**Skriflesing: Rigters 2**

**Teks: Rigters 2:2d**

**. . . maar julle mag geen verbond met die inwoners van hierdie land maak nie; hulle altare moet julle omgooi. Maar julle het nie na my stem geluister nie. Wat het julle nou gedoen? (Rigters 2:2 AFR1953)**

## **Wat het julle nou gedoen?**

Dis 'n benarde posisie waarin mens beland as die Here voor jou kom staan en vra: Wat het jy nou gedoen?

- **Waarom gaan jy saam met die mense en gelowe wat Ek jou uitdruklik verbied het om mee saam te gaan?**
- **Hier waarsku die Here teen godsdiensvermenging.**

Die agtergrond van hierdie geskiedenis is dít:

- Toe die volk van Egipteland af by die beloofde land aangekom het, het hulle die opdrag ontvang om al wat leef in die land met die banvloek te tref.
- Elke mens moes uitgeroei word.

Die Here het deur die lot aangewys watter stam eerste moes aanval, en ook waar hulle moes aanval.

- Die Urim en die Tummim – dis die lot – het aangewys dat Juda die stryd moes begin. Hulle en Simeon se stam moes saam aanval.
- Die Jode het 'n baie slim taktiek gevolg – hulle het die Kanaäniete in die berge aangeval.
  - Die rede vir hierdie ongemaklike terrein was die feit dat die Kanaäniete strydwaens gehad het.
  - Die Israëliete het nie sulke krygstoerusting gehad nie en kon ook nie daarteen veg nie.
  - Die enigste oplossing was om die Kanaäniete die berge in te dwing, waar hulle nie hulle strydwaens kon gebruik nie.
    - In die berge het hulle die Kanaäniete oorweldigend verslaan.
    - Maar nie op die vlakte nie – daar wou hulle die vyand nie aandurf nie.
    - Met die gevolg dat hulle nie die bevel van die Here uitgevoer het nie.

Hulle moes in die geloof op die vlaktes gaan veg het, en die mense almal verdelg het.

- Nou pluk hulle duur vrugte vanweë hulle ongeloof.
- Hulle kry die toorn van God oor hulle omdat hulle nie sy opdragte uitgevoer het nie.

Die ander stamme het almal dieselfde fout as Juda gemaak.

- Hulle het ook die stamme wat hulle oorwin het, nie doodgemaak nie; hulle het net van hulle slawe gemaak.
- Die gevolg was dat die Kanaäniete weer in getalle toegeneem het, en toe later dikwels die kinders van Israel onderdruk het.

Nou verskyn die Engel van die Here aan hulle by Bogim.

- Die Engel van die Here is nie sommer 'n gewone engel nie.
- Dit was ook nie 'n menslike afgesant nie – 'n profeet word nooit met só 'n naam benoem nie.
- Hierdie Engel van die Here is altyd eenwesens met God self.
- Daarom kan ons met alle reg sê dat dit God self is wat hier die volk toespreek.

Die Bybel onderstreep die belangrikheid van hierdie verskyning deur te verhaal dat die Engel van die Here van Gilgal af opgetrek het na Bogim toe.

Wat het by Gilgal gebeur?

- Die Israëliete het daar die laaste keer Pasga gevier voordat hulle die land ingetrek het.
- Die manna en die kwartels het daar opgehou.
- Maar die belangrikste is dat die Here daar sy straf oor die volk ophef.

Die volk moes as straf veertig jaar lank in die woestyn rondtrek totdat almal wat nog in Egipteland was, gesterf het.

- Toe die mense almal dood was aan die einde van die veertig jaar, was hierdie jong manne wat voor Josua gestaan het, nie een besny nie.
- Hulle het nie die teken van God se verbond met hulle gedra nie!

Daar het die Here aan Josua opdrag gegee om die teken van die verbond met sy volk weer opnuut in te stel.

- Daarmee saam het hulle vir die eerste keer van die vrug van die land geëet.
- Kyk net na die simboliek. Daar wag vir hulle 'n lieflike toekoms voor saam met die Here.

- Om die saak finaal af te rond en te versterk, verskyn die Here self aan Josua.
- Hy moedig Josua aan om nie moedeloos te wees nie, want Hy het gekom om hom in die stryd te help.
- Josua sou dus nie net met 'n mensemag teen die Kanaäniete veg nie – die hele leërmag van die hemel was saam met hulle.

Nou kan u verstaan waarom die Bybel sê dat die Engel van die Here van Gilgal af opgetrek het na Bogim toe.

- Die Engel het nie letterlik al die jare by Gilgal gebly, en hierdie dag eers daarvandaan na Bogim toe gekom nie.
- Ons weet Hy is saam die land in en het al die tyd ook saam geveg.

Die skrywer wil net sê dat die rede vir die Engel se verskyning by Gilgal gesoek moet word. Wat is die rede?

- By Gilgal het die volk die opdrag gekry om al die volke uit te roei.
- Die opdrag is versterk met die uitdruklike aankondiging van die Engel dat Hy en sy leërmag saamgaan in die stryd.

Nou wil die Engel weet: Wat het julle nou gedoen?

- Hy herinner hulle aan die verlede, en maak hulle daarmee bewus van die geloofsverval wat daar by hulle ingetree het.
- Nou roep God hulle tot verantwoording.

Die boodskap van die Engel van die Here het vier punte:

#### **Eerstens:**

- Hy herinner die volk dat hulle hulle hele bestaan en bevryding uit Egipteland, en ook hulle besit van die beloofde land, net aan die Here alleen te danke het.

#### **Tweedens:**

- Daar is 'n besondere verhouding tussen Israel en die Here.
- Hulle is sy besondere eiendom, en Hy het 'n verbond met hulle – 'n verbond is 'n goddelike kontrak.
- Hy het ook beloof om hierdie verbond nie te verbreek nie.
- Maar daarmee saam het Hy aan die volk die verpligting opgelê om hulle nie in te laat met die bewoners van Kanaän nie.

Hulle mag geen verbond met hulle gesluit het nie.

- Hulle moes hulle almal doodgemaak het en hulle altare vernietig het.
- Daar moes van hulle godsdien niks oorgebly het wat die Israëliete kon verlei nie.
- Die nuwe land is God se eiendom, en die volk moes alles uitroei wat die eer van God enigsins skade kon aandoen.

In die **derde** plek hou die Engel van die Here nou die sondes van die volk voor hulle.

- Hulle het nie die volke uitgeroei nie.
- Hulle het nie op God vertrou nie.
- Hulle het in afgodediens verval – hulle het nie ag geslaan op die kontrak wat God met hulle het nie.
- *Wat het julle nou gedoen? Hoe kon julle optrede so laakbaar wees? Julle is nalatig en halfslagtig!*

In die **vierde** plek kondig die Here dan sy straf aan.

- Hulle gaan nou gestraf word, want hulle het dieselfde sonde gedoen as Agan.
- Hulle het die dinge gespaar waaroor God sy vloek uitgespreek het.
- Daardeur het hulle begin omgaan met hierdie mense en hulle gelowe en nou het hulle self onder die oordeel van God gekom.

*Hierdie mense gaan van nou af julle vyande wees, sê die Here. En hulle gode sal vir julle 'n strik wees.*

Geliefdes, die waarskuwing aan ons is baie duidelik!

- As ons allerhande dinge in ons geloofslewe begin invoer wat nie daar moet wees nie, besmet ons onself voor God daarmee.
- Dit besorg ons onnoemlike skade en lyding, want dit het die hel tot gevolg.

Die volk het toe in trane uitgebars, en die plek Bogim genoem. Dit beteken "gehuil".

- Maar trane help niemand iets as jy nie iets daadwerkliks aan die saak doen nie.
- Die volk het hierdie dag toe die Here voor hulle gestaan het, bitterlik gehuil, maar net daarna al sy waarskuwings in die wind geslaan.
- Toe moes die Here maatreëls van straf teen hulle neem – hulle is toe deur ander volke verdruk.

Kom ons kyk nou na die betekenis van hierdie gedeelte vir ons.

- Ons weet van baie verkeerde gebruike en dinge wat ons doen in ons lewens.
- Maar mettertyd begin ons gewoon raak aan alles.
- Soos wat ons gewoon raak daaraan, voer ons die dinge in ons lewe en in ons godsdiens in.
- Ons gaan oor sulke dinge eendag voor God teregstaan!

Israel het die dag op Bogim gestaan vir ons, want ons moet altyd onthou dat hulle in die Ou Testament die kerk was!

- Ons staan onder dieselfde verbond as hulle.
- Hierdie Engel van die Here het na die aarde toe gekom as Middelaar, Jesus Christus.

Toe ons Here Jesus aan die kruis gehang het, het Hy aan ons – soos aan Josua – belowe dat ons in sy krag die stryd teen die satan moet aanhou stry.

- Hy oorwin die satan daar as Hy sterf en weer opstaan.
- Die beslissende veldslag is geslaan.

Maar ons is nog nie alleen nie.

- In ons hele geloofstryd is die Heilige Gees by ons.
- Ons hoef nooit te huiwer en die sonde te verdra ter wille van vrees of onvermoë nie. Hy veg saam!
- God die Heilige Gees oorwin ook vir ons.

Daarom is daar so baie waarvan ons ons lewens moet suiwer.

- Want die Here vra nou: Wat het julle gedoen?
- Maar Hy gaan dit ook weer vir u vra as u voor sy troon staan.
- Laat ons nie net huil oor ons sondigheid nie.
- Laat ons leer uit die fout van Israel, en laat ons ons bekeer.

**Amen.**

Slotgebed

## Slotpsalm 134:1-4 (p. 653)

- 1 O priesters, wat voor God bly staan, / wanneer die sonlig ondergaan,  
wanneer die laaste straal verskiet – / o loof die HEER in sang en lied!
- 2 O hef vir ons 'n naglied aan, / wanneer ons weer van hier moet gaan;  
hef priesterlike hande op en pleit, / as alles rus in donkerheid.
- 3 Die HEER se seen sal met u gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.  
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seen oor u gebied.
- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!  
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: Nabetraging 18 Mei 2008 (aand)